

---

---

# 1JH 5:4 - WAT OP AARDE IS 'N CHRISTEN? [11]

## Die vierde merkteken

E257

---

---

Hier is nog 'n merkteken van Christelike egtheid - 'n kenmerk van elkeen wat wedergebore is. Die OAV vertaal Johannes se woorde meer letterlik en korrek as die NAV: "*.. alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld ...*" (1Jh 5:4).

As die apostel die onsydige voornaamwoord, "*alles*", gebruik, bring hy 'n belangrike perspektief na vore. 'n Christen is nie oorwinnend en sy redding standhoudend, omdat hý so watwonders is nie. Dit is omdat dit Gód is wat die herskeppingswerk gedoen het. Alles, ja álles, wat Hý tot stand bring, bly staande en oorwin. Geen boom wat Hý plant word ooit weer ontwortel nie.

Maar, uiteraard, hoeveel te meer geld dit nie vir die herskepte mens nie - die kroon van Sy skepping en herskepping! (Die NAV en NIV vertaal dus nie letterlik nie, maar vertolk die uiteindelijke idee tog korrek).

Hier, weereens, word bely wat God se Woord op talle maniere op ons hart druk: *God se werk misluk nooit nie.*

## Die Christen woon in vyandelike gebied

Die begrip "*wêreld*" (Gr. *kosmos*) dui op 'n onderling-samehangende stelsel of sisteem. Daarom word dit in die Nuwe Testament gebruik om die skepping, asook die mensdom te omskryf. Maar meestal het dit 'n gelaaide en tegniese betekenis, veral by Johannes. *Vir hom dui dit op die God-vyandelike wêreldstelsel waarvan die gelowiges onder geen omstandighede deel mag word nie.*

In 1Jh 2:15-17 sê die apostel dat hierdie bese stelsel deur "begeerlikheid" voortgedryf word. Ook Petrus sê iets soortgelyk: ons moet "die verderf ontvlug wat deur begeerlikheid in die wêreld verkraam is" (2Pet 1:4).

Vanweë die sondeval is die mens se liefdesgerigtheid op God omgebuig tot 'n beheptheid met eiebelang en selfbevrediging. Sedertdien soek die mens dus soos 'n rondloperhond sy vervulling in die vullisblikke van die wêreld. En dis veral hierdie rustelose, nooit-bevredigde soeke wat die wêreldstelsel laat "*tick*".

## Laat ons op die uitkyk bly vir veral drie strategieë van die gevalle wêreld

Volgens 1Jh 2:16 inflameer veral drie begeertes die mens in die gevalle wêreld se sondige natuur: "*Want alles wat in die wêreld is - die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe - is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld.*"

- Die "*begeerlikheid van die vlees*". Dit dui waarskynlik op daardie dinge in die wêreld wat 'n appél op die laere drifte van die mens maak. Waarskynlik dui dit nie net op sondige dinge wat begeer word nie, maar die begeerte is op sigself sondig.

Mens kan nie anders as om in ons seksbehepte wêreld dadelik aan die uitlokkende kleredrag en die misbruik van die vroulike liggaam te dink nie. Maar, natuurlik, dit strek hier baie verder as die bloot liggaamlike. Dit het te doen met alle sondes wat in ons samelewing as skandelik beskou word.

- Die "*begeerlikheid van die oë*". Dit dui waarskynlik op daardie dinge in die wêreld wat 'n appél op ons estetiese sin maak en selfs op ons behoeftes aan wat bloot lekker en gerieflik is.

Watter vrou ken nie die suigkrag van mooi klere, of 'n mooier huis en meubels as die wat sy het nie? Watter man ken nie die bewondering vir 'n mooi kar

nie? Voorbeelde kan uiteraard vermenigvuldig word - veral in ons moderne wêreld met sy mooi winkels en gesofistikeerde reklame.

Maar julle sal met my saamstem dat baie dinge wat aan hierdie beskrywing voldoen, op sigself nie sondig is nie. Dit is goed as 'n Christenvrou smaakvol en netjies aantrek. En vir seker is dit op sigself nie sonde as 'n man met 'n mooi motor ry nie.

In hierdie geval is dit wat begeer word dus nie noodwendig verkeerd nie. Maar die sonde lê in die begeerte self - wanneer dit ongesond is en aanleiding gee tot 'n onvergenoegdheid met dit wat ons hemelse Vader in Sy wysheid en soewereiniteit vir jou uitgemeet het.

- Die "*grootsheid van die lewe*": Dit dui op daardie dinge in die wêreld wat 'n appél op die ambisie en magsug van die mens maak. Dit lei hom dan presies strydig met die pad van die liefde.

In 'n sin kan mens sê dat die begeerte om steeds hoër te klim teen die leer van bevordering en finansies ons korporatiewe wêreld en ekonomie aan die gang hou. Een maatskappy sluk die ander in en as mense hulle werk en inkomste as gevolg daarvan verloor, voel die nuwe base 'n veer.

Om dankbaar te wees oor bevordering en om in wysheid suksesvol sake te doen, is tog sekerlik nie verkeerd nie. Nee, vir seker nie. Maar laat ons gewaarsku wees, die verskil tussen gesonde vooruitstrewendheid, enersyds, en onheilige ambisie en roemsug, andersyds, is dit minder as 'n halftree.

En so kan ons aanhou, amper *ad infinitum*.

## Nog enkele opmerkings oor wêreldgelykvormigheid

Dit is nodig om 'n paar kwalifikasies voor oë te hou:

- Mens kan ernstig sondig as jy die oorsaak is dat 'n ander persoon struikel. Waarsku die Skrif ons nie dat dit beter is om met 'n meulsteen om jou nek in die see gegooi te word, as om die oorsaak van 'n ander se struikeling te wees nie? (Mt 18:6).

Maar dis nie waaroor dit hier gaan nie. Dit gaan hier nie in die eerste plek oor 'n ander persoon wat jy laat struikel nie, maar oor jouself wat sondig te wyte aan jou eie wêreldgelykvormigheid.

- Baie van ons is in ons werksituasies voortdurend besig met die dinge van hierdie wêreld. Weereens hoef dit nie op sigself sonde te wees nie. In die meeste gevalle is gespieerde Christene in staat om in sulke omstandighede met getrouheid aan die Here die pad te loop. Maar as jy voel die situasie gaan jou vang, kry vir jou ander werk!

- Nog 'n ding wat baie Christene se ondergang veroorsaak, is werkseise wat net eenvoudig te veel vir een mens is. Ek praat van werk wat effektiewe afgodery word. Oppas! As jy seker is dit is nie te wyte aan jou eie onbeholpenheid of luiheid of oordrewe ambisie nie (in welke geval jy jou moet bekeer), maak 'n plan. Gaan bespreek dit met jou baas, en as dit nie help nie, het dit tyd geword om ander werk te soek.

- Geld stel mense in staat om dit wat hierbo genoem is te bekom. Meer as enigiets is die najaging daarvan dus die brandstof waarop 'hierdie wêreld' loop. Daarom is geldgierigheid *"'n wortel van alle euwels"* (1Tm 6:10).

- Op een of ander geheimenisvolle wyse sit Satan agter alles - tot so 'n mate dat Johannes sê dat die hele wêreld, *"in die mag van die Bose lê"* (1Jh 5:19 en vergelyk Ef 2:1-3).

- Die bedreiging van die wêreld mag nooit onderskat word nie. Dit is subtiel en palm mense geleidelik in. Die saad wat tussen die dorings geval het, is juis versmoor deur "die sorge van hierdie wêreld, die verleidinge van rykdom en die genietinge van die lewe" (Mt 13:22; Mk 4:19; Lk 8:14).

- Jakobus verduidelik (1:13-15) hoe begeerlikheid tot sonde lei en díé uiteindelik tot die dood. Dis 'n proses: Begeerlikheid is soos 'n straatvrou wat 'n

man verlei (let op die paar "ginekologiese" terme wat gebruik word - ongelukkig vir baie vertalings 'n verleentheid en hulle vertaal dit weg). Dan raak sy swanger en 'n baba word gebore - genaamd Sonde. En as sonde groot is, kry sy op haar beurt weer 'n baba, wat "Die Dood" genoem word.

- God verafsku wêreldgelykvormigheid. *"Wie 'n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy 'n vyand van God is"* (Jk 4:4).

"Hierdie wêreld" is die God-vyandelike wêreldstelsel waarin die sug na eiebelang en selfbevrediging die gevalle mensheid aandryf en sódoende verlei om die rug op God, Sy gebooie, Sy waarheid en veral Sy Seun te draai. As sodanig word allerlei kragte ontketen wat voortdurend dreig om die kerk op aarde saam te sleur en in die proses te vernietig.

## Regte Christene loop stroom-op

- Elkeen wat uit God gebore is, *"oorwin"* die wêreld. Die woord beteken om na 'n hewige stryd seëvierend met die oorwinning weg te stap. Die Christen weerstaan dus nie net die sleurkragte van hierdie wêreld nie, hy is inderdaad sterker as dit en beweeg teen die stroom op!

- Die werkwoord is in 'n vorm wat dui op tydsverloop. Dit beteken dat hierdie oorwinning die normale, die tipiese van 'n Christen se lewe is. Hoewel hy soms voor wêreldgelykvormigheid mag swig, is dit nie die reël nie, maar die uitsondering. Sy lewe word dus nie daardeur gekenmerk nie.

- Hierdie oorwinning geskied deur die *"geloof"* (v. 4b-5). Deur die geloof eien die Christen Jesus Christus se afgehandelde oorwinning toe: *"Hy het oorwin; ek is in Hom; daarom het ek oorwin!"*

Hierdie lewensgeloof is nie iets wat ek opwerk soos 'n gewig-opteller hiperventileer voor hy die ysters gryp nie; dis 'n lewe vanuit die afgehandelde oorwinning van my Verlosser en Koning. Geloof

gaan dus nie primêr oor iets wat ék doen nie, maar oor iets wat Hý gedoen het. Wat Hy vir my gedoen het, is die heel belangrikste waarheid vir my. Dit lê aan die hart van my oortuigings. Ek werk gevolglik die implikasies daarvan voortdurend in my lewe uit. En presies dít is wat my stroom-op dwing.

- Die persoon wat uit God gebore is, lewe dus nie volgens die behephede en waardes en prioriteite van "hierdie wêreld" nie. Hy laat hom eenvoudig nie daardeur intimideer nie. En in elk geval is sulke kleinlike ambisies benede sy waardigheid - want hy sien die onsienlike. Hy is op pad na 'n ander wêreld, 'n ewige vaderland (Lees Hb 11).

Hier is hy 'n *"bywoner en vreemdeling"* (1Pt 2:11) - en 'n pelgrim op pad deur. Vir hom of haar is *"die lewe Christus en die sterwe wins"* (Fl1:21).

"He marches to a different drummer" - en daarom loop hy stroom-op. En op die "smal pad" (Mt 7:14) leef mens "nougese" (Ef 5:15 OAV). Daarom gebeur dit keer op keer: tussen wêreldlinge, selfs tussen wêreldgelykvormige "Christene", is hy bewus daarvan dat hy 'n "square peg in a round hole" is.

- Dít staan vas:  *iemand wat uit God gebore is, is 'n vreemde fenomeen. Hy is net eenvoudig anders as Jan Alleman - hy oorwin die wêreld!*

*"Daarom is God nie skaam om hulle God genoem te word nie; trouens, Hy het vir hulle 'n stad gered gemaak"* (Hb 11:16).

## Nico van der Walt

- Nico v/d Walt onderskryf die historiese, internasionale en reformatoriese 1689 Baptistebelydenis, asook die Belydenis van Sola 5, 'n assosiasie van Godgesentreerde ewangeliese gelowiges in meer as 'n halfdosyn lande in Afrika suid van die ewenaar.
- Subskripsies, adresveranderings, kansellasies en korrespondensie: Postnet Suite No.148, Privaatsak X1, Northcliff, 2115, Suid-Afrika. E: [nico.vanderwalt@reformed.org.za](mailto:nico.vanderwalt@reformed.org.za); Tel. 011 476 2907; 082 848 9396.
- Blogs: [www.e-preke.blogspot.com](http://www.e-preke.blogspot.com) (met skakels na nóg 4 blogs)
- Weekliks word 'n preek soos hierdie wêreldwyd en gratis in Afrikaans en Engels per e-pos gestuur aan mense wat dit persoonlik aangevra het.
- Geen kopiereg. Dupliseer gerus. Of stuur elektronies verder.
- Preekopnames: E: [info@nunide.org.za](mailto:info@nunide.org.za); T: 012-808 3906